P. H. J. Huijser, *De Ouderling en de Prediking*, J. H. Kok N.V. te Kampen 1959, 202 blz.

Van gereformeerde kant kry ons hier 'n uiteensetting van die amp van die ouderling in die besonder met sy betrekking op die prediking. Die skrywer behandel sy stof uitvoerig en in sewe hoofstukke word die aandag agtereenvolgens gevestig op: De Ouderling in de H. Schrift, De Ouderling in de Kerkhistorie, De Ouderling en de Dienaar des Woords, De Ouderling en de Prediking, De Ouderling, de gemeente en de prediking, De Ouderling, de Kerkeraad en de Prediking, De Ouderling, het Kerkverband en de Prediking.

Die hele betoog is 'n rustige byeenbring van materiaal en van verskillende menings binne die Gereformeerde Kerk in Nederland, die afweeg daarvan met as uitgangspunt telkens weer die kerkregtelike praktyk en die eise van die Heilige Skrif soos dit in die Gereformeerde Kerk uitgelê word. Verrassende en nuwe insigte word nie juis gebied nie. Tog is die werk aanbevelenswaardig vir diegene wat in hierdie onderwerp belangstel.

A. D. Pont.